Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**
Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website:** www.ecdoe.gov.za

# 2022 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

| | | |
|---|---|---|
| **SUBJECT** | **AFRIKAANS HOME LANGUAGE** | |
| **PAPER** | **1** | |
| **DURATION OF PAPER:** | **2** | **HOURS** |
| **PROVINCE** | **EASTERN CAPE** | |
| **DATES OF MARKING** | **7 DEC. – 22 DEC. 2022** | |

## SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)

The question paper was fairly received by the 4 473 candidates of the Eastern Cape. The reading texts were interesting and within the scope of a grade 12 learner.
The comprehension questions did not cause major upsets, however they did struggle with the way in which questions were formulated. The learners performed worse than those of 2021. It was obvious that the stronger candidates did not perform as expected. Level 7 and 6 results were far fewer than those of 2021.
The comprehension question (Question 1) was answered average to below average.
The summary question (Question 2) was answered better than that of 2021 - moderately.
Language in context (i.e. grammar):
Questions 3 and 4 were answered more or less the same than 2021, below average while Question 5 was answered poorly.
All in all, we are concerned about the candidates' performances in Q3 to Q5.
The random sample of 100 scripts presented the following averages:
Question 1: 56,40%
Question 2: 72,30%
Question 3: 55,00%
Question 4: 37,60%
Question 5: 26,90%

The average percentage for these scripts were 51%

**SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions (It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).**

**QUESTION 1**

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

The comprehension questions adhered to Barrett's Taxonomy: 40% Literal and Re-organisation, 40% Inference and 20% Evaluation and Appreciation. It also had a fair spread of challenge levels: 12 Easy, 12 Medium and 6 Difficult questions.

The higher order questions, as well as some of the medium order questions, were not answered well. The learners still struggle with the stacking questions although not many of these questions were asked. We however did see less candidates reach level 7 and 6 (Level 7 = 13 and Level 6 = 57) very worrying indeed.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

More learners are definitely non-readers and their ability to comprehend what they read, is very poor even more their ability to understand figurative language. This was evident in fairly easy questions (1.3.1, 1.3.2, 1.7).

The second part of 1.1.2 however was extremely poorly answered in the Eastern Cape. If the candidate did not grasp the meaning of the word "feitelik" he/she lost all 3 marks. Because this question was asked early in the question paper it could have disrupted the candidate for the rest of the paper.

Candidates also struggled to blend information from different paragraphs to conclusions, especially when the paragraphs are long and only one mark is allocated to the question (1.1.1, 1.3, 1.6, 1.7, 1.9, 1.10, 1.13).

It was evident that many learners never practiced comprehension testing. Their poor vocabulary knowledge also caused them not to understand the question (1.1.2 feitlik, geïmpliseerd, 1.2 prosesse, 1.3.2 geregverdig, 1.5 merkwaardig, 1.9 teenstrydigheid, 1.10 afsonderlik, 1.14 onderskeidelik).

The difficult (complex) formulation of questions was also a challenge to many (1.5, 1.10).

(a) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Do not neglect teaching of comprehension skills. Show them how to answer questions where they must collate information and come to conclusions. Give them at least 1 comprehension per term. Make use of previous DBE papers as examples and talk learners through the paper. Teach them to look at mark allocations.

Teach them to answer to the point and what has been asked so that the candidate will write shorter answers and thus save time.

Teach them how to answer the stacking questions.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

The mark obtained in the 100 sample scripts was slightly lower than that of last year's mark. Candidates had to read, think, assimilate and comprehend which seemed to take much longer than previous years.

Visual literacy still is not taught properly in many schools. Make the candidates used to reading texts of 800 words. Always set comprehension questions using 2 texts: a factual text and a visual text that support each other. If that is not possible, bombard them with visual texts only.

Use difficult words from previous papers on a regular in your classrooms. Papers set for the June examinations (when they will be written) must be of a high standard.

**QUESTION 2**

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

The summary question dealt with practical hints in how to ensure success in the workplace. The grade 12's could relate to the text and the way that the text was presented made it possible for the candidate to summarise the text in a satisfactory manner.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Candidates that performed badly did not adhere to the instructions. This had an effect on their final mark for this question. They did not give hints/advice, neither in full sentences. They often left out the verbs as well as the subject.

(b) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Instructions should be drilled in. Teach the difference between a statement and hints/advice. The format is a paragraph. Use past papers as teaching aids to help learners master these skills. Let them do at least 3 summaries per team excluding exams. Teach them the difference between a sentence and a phrase and to not use the infinitive in their answers.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Beware of not reading what must be summarized. Teach them to read the instructions. Some learners did not understand what they were supposed to do but fortunately they were in the minority. It will benefit candidates if they could be taught how to mark a summary. This will make them aware of what is expected of them. They must use the facts that is provided in the text and not give their own opinions.

**QUESTION 3**

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

This question focuses on language in context, advertising techniques and visual literacy. On the whole this question was answered a little better as in 2021. (55%.)

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

KTB – "Kritiese Taalbewustheid" is still very difficult for the majority of the candidates. The new Examination Guidelines that was introduced in Febr/May 2021 might have caught many schools off guard. Learners needed more time to read the written text, collate information, come to conclusions and write their answers which also takes longer than previous years. Some KTB questions expect from candidates to think in an abstract way and to not only give a quote. Often KTB questions are as such that a candidate cannot find the answer directly in the text (3.6).

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Make sure that learners can master what is expected on p.24 of the CAPS document: "Interpretasie van visuele tekste". Candidates must also look at the mark allocation (3.1, 3.3). Give a variety of visual texts and make sure they know the difference between generic and specific answers.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Give learners a variety of visual texts and set meaningful questions according to the new Exam Guidelines of 2021. Expose learners to language in context type questions. Work through the KTB list with the learners of what is expected (in other words, teach them terms i.e. sarkasme, vooroordeel, etc.).

**QUESTION 4**

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

The focus of this question changed due to the new Exam Guidelines and more KTB questions. Please refer to **QUESTION 3.** On the whole this question was answered worse than 2021 (37,6%) and still of a great concern.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Again KTB-questions are still a major concern as well as visual literacy. Knowledge of basic grammatical content lacked (4.1, 4.2) as well as the visual evidence and applying of that that lacks (4.3, 4.4, 4.5, 4.6). The non-reading culture of learners is definitely on the rise and their ability to comprehend what they read is very poor, even more their ability to understand figurative language. This was evident in fairly easy questions as well as the more challenging ones. Candidates also struggled to grasp the similarities (4.8) and to draw conclusions and inferences between the different frames/RAAMPIES (4.3, 4.5, 4.8).

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Give learners a variety of visual texts and set meaningful questions according to the new Examination Guidelines of 2021. Make sure they answer specifically to avoid generalizations. Do not neglect the grammar component. Teach them to look at mark allocations (e.g. 4.6). Make use of previous exam papers. Make sure learners can master what is expected on p106 of the CAPS document. Let the learners bring cartoons to the classroom for discussions.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Give learners a variety of visual texts. Make sure they answer specifically to avoid generalizations. Teach them how to interpret cartoons and the meaning behind it, name specific facial expressions as well as body language. Draw inferences between different frames and use appropriate words in their answers.

**QUESTION 5**

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

The question focuses on language in context. This question was answered even more poorly when compared to that of 2021 - a worrying (26,9%).

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Knowledge of basic grammatical content lacked. Sentence structure questions need to be worked on. Study hard to apply the knowledge and do not merely state the obvious. Learners have very little knowledge of spelling and klankleer, morfologie, active and passive, etc. Their punctuation and abbreviation knowledge also lack. Perhaps the non-reading generation?

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Use the CAPS document p103 to p106. Teach basic grammar. Give learners a variety of texts with meaningful questions. Emphasize the need to answer specifically and avoid generalizations (5.5, 5.7), expose learners to language in context type questions. Do not neglect the grammar component – use available time in gr.10 and 11 from 2023.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

The lack of basic grammar knowledge, the non-reading generation, lack of vocabulary are unfortunately the main issues. The majority of candidates seem to be of the opinion that they do not need grammar knowledge neither study it.

**SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions (It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).**

## QUESTION 1

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Die begripstoets het duidelik aan Barrett se Taksonomie voldoen: 40%, 40%, 20%. Dit het veroorsaak dat daar vanaf maklike tot uitdagende/hoër orde vrae is. Hierdie hoër orde vrae sowel as sommige van die medium orde vrae, is nie goed beantwoord nie.
Die stapelvrae is verdeel en is daarom makliker beantwoord wat verblydend is. Oor die algemeen het die kandidate gemiddel in hierdie afdeling gevaar. Daar is egter aansienlik minder kandidate wat Vlakke 7 en selfs 6 kon behaal.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Weens die gebrek aan 'n leeskultuur het leerders oor die algemeen gesukkel om vrae te beantwoord wanneer heelwat leeswerk vereis word. Kandidate sukkel ook met figuurlike taalgebruik. Dit het sterk na vore gekom in selfs die sg. makliker vrae (1.1.2, 1.3, 1.7).
Kandidate sukkel ook om inligting te herorganiseer vanaf die verskillende paragrawe waarvandaan hulle nog boonop afleidings ook moet maak – die sg. komplekse vrae wat dikwels slegs 1 punt tel (1.8, 1.9, 1.10, 1.13, 1.14).
Vraag 1.1.2 (3 punte) se eerste gedeelte is swak beantwoord, selfs deur die sterker kandidate. Die woord "feitlik" is verkeerd geïnterpreteer en het dus tot gevolg gehad dat hulle ook die daaropvolgende punte verbeur het. Hierdie faktor kon die kandidate ontstel het wat 'n negatiewe uitwerking op die beantwoording van die res van die vraestel kon gehad het.

Kandidate se swak woordeskat veroorsaak ook dikwels dat hulle nie die vraag verstaan nie: 1.1.2 feitlik, afsonderlik
1.3.2 vooroordeel, geregverdig
1.5 merkwaardig
1.7 weerspreek
1.9 teenstrydigheid
1.10 afsonderlik
1.14 onderskeidelik, noodsaaklikheid
Moeilik geformuleerde vrae was vir talle kandidate uitdagend (1.5, 1.10, 1.14).

(a) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Moenie die onderrig van begripstoetse afskeep nie. Leer die kandidate dat wanneer woorde soos “vergelyk”, “weerspreek”, “verskil(le)”, “afsonderlik”, “onderskeidelik”, “wanpersepsies”, “verband”, “ironie”, in die vraagsetelling voorkom, hulle na BEIDE KANTE van 'n saak moet verwys vir 1 punt!
Gee hulle minstens 1 begripstoets per kwartaal. Gebruik vorige NSS-vraestelle en werk saam met die leerders deur die vraestel. Leer hulle ook om na die puntetoekennings te kyk en daarvolgens te antwoord.
Interne vraestelle moet 'n sterk ooreenkoms toon met eindvraestelle van DBE – NSS.
Leerders moet afgeraai word om kolpunte te gebruik. Leerders moet vrae meer kernagtig beantwoord.
Onderrig leerders in KTB-begrippe, bv. geïmpliseerde boodskap, geregverdig, vooroordeel, lewer kommentaar, e.a.
Maak leerders gewoond aan moeilike vraagstelling soos bv.1.5. Indien kandidate gevra word om kommentaar te lewer oor 'n spesifieke woord, of om 'n woordkeuse te motiveer, moet hulle nie slegs sinonieme of definisies gee nie, maar die funksie van die woord in daardie spesifieke konteks verduidelik.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Leerders se algemene versorging (netheid, leesbaarheid van handskrif, die volg van instruksies, soos ooplaat van 'n reël tussen antwoorde) het steeds aandag nodig. Die belangrikheid van die lees van instruksies moet beklemtoon word. 'n
Ellke vraag MOET op 'n nuwe bladsy begin.
Onderwysers moet hulle vergewis van die inhoud van die KABV-dokument. Let daarop dat 'n vraestel een 4-punt vraag (gewoonlik vlak 1), drie 3-punt vrae, vyf 2-punt vrae en sewe 1-punt vrae moet bevat.

**QUESTION 2**

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Die opsomming het gehandel oor die sewe eienskappe waaroor voornemende werksoekers moet beskik om sukses te verseker. Dus is die opsommingsteks gepas vir gr.12-leerders.

Oor die algemeen het die kandidate die vraag redelik goed beantwoord. Baie minder kandidate het egter volpunte behaal. Gelukkig het kandidate van minder direkte aanhalings gebruik gemaak.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Kandidate het dikwels ander eienskappe genoem wat nie op die nasienriglyn ingesluit is nie, bv.:

Jy moenie 'n bakhandmentaliteit hê nie. Jy moet oor die eienskappe beskik wat in aanvraag is.

Kandidate sukkel steeds om in volsinne te skryf: die onderwerp word dikwels uitgelaat/die gesegde is onvoltooid.

Kandidate volg steeds nie die instruksies nie: woordtal word oorskry, verkeerde formate word gebruik.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Oefen ten minste een opsomming per kwartaal. Daar is genoeg vorige departementele vraestelle wat gebruik kan word.

Onderrig leerders in die skryf van 'n paragraaf en die formulering van volsinne. Laat hulle ook mekaar se opsommings nasien.

Fokus op die verskil tussen wenke en stellings. Wys leerders ook op die verskil tussen die infinitiewe vorm en 'n gesegde.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Leerders moet volsinne skryf. Laat die leerders kernwoorde in opsommings identifiseer en in volsinne oorskryf. Wys leerders daarop dat "eie woorde" dieselfde woorde as die aanhaling kan hê met slegs 1 woordverandering!

Die metode van puntetoekenning moet aan leerders bekend gemaak word.

Hulle moet antwoorde in die teks soek en nie eie menings gee nie.

**QUESTION 3**

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Hierdie vraag fokus op taal in konteks, advertensietegnieke, visuele geletterdheid en KTB. Kandidate het hierdie vraag glad nie goed beantwoord nie. Leerders se vermoë om advertensies te interpreteer is glad nie na wense nie.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

KTB – "Kritiese Taalbewustheid" is steeds baie moeilik vir die meerderheid kandidate. Kandidate het dikwels die vraagstelling moeilik gevind (3.4, 3.6). Die interpretasie van 'n advertensie is dikwels konnotatief en leerders sukkel hiermee. Kandidate het ook nie die vraagstelling waar "die funksie" voorkom, reg verstaan nie.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Leerders moet blootgestel word aan meer KTB-oefeninge. Bl. 24 in die KABV, "Interpretasie van visuele tekste", moet bestudeer word. Kandidate moet ook gewys word op die puntetoekenning van die vrae.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Leerders moet aan 'n verskeidenheid visuele tekste blootgestel word. Die tyd wat gewen word (vanaf 2023) met die vermindering van voorgeskrewe werke, kan gebruik word vir die onderrig en inoefening van KTB.

Neem die Eksamenriglyne, 2021, in ag wanneer u taal in konteks vrae opstel.

**QUESTION 4**

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Leerders vaar net so swak in vrae oor strokies as oor advertensies.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Die KTB-vrae bly 'n groot bron van kommer. Leerders kan nie aanhaal uit die strokie nie en sukkel om hul interpretasies te verwoord.
Die woord "nog" (4.1) in die ontkennende vorm het leerders gepootjie.
Verbandlegging tussen raampies tesame met afleidings wat gemaak moet word (4.5, 4.8) benodig aandag en oefening aangesien dit moeilik is vir leerders.
Leerders interpreteer vrae wat die "funksie" toets, glad nie goed nie (4.7).
Figuurlike taalgebruik is 'n kopseer vir die kandidate (4.6 tweede gedeelte).

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Gebruik 'n verskeidenheid strokies sodat leerders blootgestel kan word aan tipiese KTB-vrae. Stel vrae op vlg. die nuwe eksamenriglyne, 2021. Wys leerders op die verskille tussen generiese antwoorde en konteksgebonde antwoorde.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Onderwysers moet hul nie so blindstaar aan KTB-vrae dat die taalvrae afgeskeep word nie. Raadpleeg die KABV.

**QUESTION 5**

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Hierdie vraag oor taal in konteks is baie swak beantwoord.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Kandidate se basiese taalkennis is uiters gebrekkig. Die kandidate het die spesifieke sin (5.2) in die bedrywende vorm uiters moeilik gevind sowel as die sinoniem (5.5) aangesien daar in laasgenoemde vraag ook verwag is om die antwoord in die verboë vorm weer te gee. Die afkorting (5.6) was aan die meerderheid kandidate onbekend tesame met die rede vir die ontbrekende punt.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Gebruik die KABV-dokument veral bl.103 tot 106. Onderrig basiese taalkunde in alle grade, maar veral in grade 10 en 11. [Sien **QUESTION 3** (d)]

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Kandidate se gebrek aan basiese taalkennis, die gebrek aan 'n leeskultuur, gebrek aan woordeskat dra ongelukkig by tot hierdie powere uitslae. Baie onderwysers spandeer soveel tyd aan voorgeskrewe in graad 12 dat taal dikwels afgeskeep word.

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2022

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**



Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: Opsomming | (10) |
| AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Lees AL die instruksies sorgvuldig.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep ná elke afdeling.

6. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## TEKS A: ARTIKEL

## VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

## TEKS A: ARTIKEL

### DIE GROOTSTE GESKENK WAT JY KAN GEE

1 Wat sal jy doen as jy weet dat jy iemand se lewe kan red – net omdat jy 'n lyf het? Dat jy sewe mense kan help red en tot vyftig se lewensgehalte ná jou dood kan verbeter?

2 Het jy geweet dat feitlik alle organe behalwe die milt en die dikderm geskenk kan word? Alhoewel die prosesse verbonde aan die verwydering, vervoer, bewaring en oorplanting van lewers, harte, longe, dunderms, pankreasse en selfs baarmoeders geweldig gesofistikeerd en gevolglik baie duur is, is dit tog moontlik om hierdie organe vir oorplanting te skenk.

3 Orgaanskenking kan in twee kategorieë verdeel word: lewende skenking en nadoodse skenking. Lewende skenkers kan sekere nielewensbelangrike organe aan iemand spesifiek skenk (gerigte skenkings) of registreer as 'n lewende orgaanskenker vir enige pasiënt (niegerigte skenkings). Lewende skenkers kan beenmurg, 'n deel van hul lewer of selfs 'n nier skenk. Alhoewel 'n mens sinvol met een nier kan regkom, moet die skenker na die operasie sy/haar dieet en leefstyl streng dophou. So 'n nier kan nie weer "teruggroei" nie. Lewerselle, daarenteen, vermenigvuldig weer en die skenker se lewer herstel ten volle. Die beenmurgskenker se liggaam vervaardig ook weer beenmurg omdat die liggaam se stamselle vinnig herstel – hy/sy ervaar hoogstens 'n bietjie ongemak.

4 'n Nadoodse skenking van organe beïnvloed talle lewens. Dié skenkings kan, buiten hartkleppe en kraakbeen, ook weefsel soos korneas en sklera van die oog insluit. Velskenkers red brandslagoffers; skeletbene word vir ortopediese prosedures gebruik.

5 Van al bogenoemde organe is niere wêreldwyd boaan die lys van broodnodige organe. Daar word al meer gevalle van nierversaking gediagnoseer. Dit gaan meestal met diabetes, hoë bloeddruk en oorgewig gepaard – hoofsaaklik die gevolg van swak leefstylgewoontes. Dit is ook die tendens in Suid-Afrika.

6 Suid-Afrika is 'n wêreldleier op die gebied van orgaanoorplanting en spog met baie eerstes: dit het begin toe prof. Christiaan Barnard en sy span op 3 Desember 1967 die eerste hartoorplanting in die Groote Schuur Hospitaal gedoen het. Ook die wêreld se eerste nieroorplanting tussen MIV-positiewe pasiënte is in 2008 deur prof. Elmi Muller in dieselfde hospitaal uitgevoer. Muller word wêreldwyd beskou as dié spesialis op die gebied van orgaanoorplanting in MIV-positiewe pasiënte.

Kopiereg voorbehou

7 "Ons land se vermoë tot orgaanoorplanting is wêreldklas," sê dr. Van der Schyff, 'n lewer-en-nieroorplantingchirurg by die Wits Donald Gordon Mediese Sentrum (WDGMC). In 2017 het die WDGMC-span vir 'n proefneming 'n lewendeskenkeroorplanting van 'n MIV-positiewe ma na haar MIV-negatiewe kind suksesvol gedoen. Die span het verseker dat die MI-virus nie van skenker na ontvanger oorgedra is nie – merkwaardig!

8 Ten spyte van buitengewone prestasies is daar in Suid-Afrika, soos wêreldwyd, nie naastenby genoeg skenkers vir die duisende wat op uitkoms wag nie.

9 In Suid-Afrika is daar in enige stadium meer as 4 000 mense op die waglys, maar dis 'n onderskatte syfer. Ons het ook een van die laagste orgaanskenkingsyfers ter wêreld – ongeveer 1,4 skenkers per miljoen mense. Dus is die nood aan bykomende weefsel in Suid-Afrika baie groot. Hiér is beslis nie 'n sterk tradisie van orgaanskenking soos in Europese lande nie; gevolglik word slegs 500 tot 700 mense jaarliks gehelp, terwyl 4 000 tot 5 000 mense elke jaar op organe wag. Gevolglik word te veel gesonde liggame begrawe of veras, terwyl sterwende en desperate pasiënte vir daardie organe wag.

10 Minder as 1% Suid-Afrikaners is as orgaanskenkers geregistreer. Maar selfs al is jy geregistreer, het jou familie steeds die laaste sê: húlle moet toestemming gee dat jou organe na jou dood gebruik mag word.

11 'n Tienjaarontleding van orgaanskenking by die Groote Schuur Hospitaal is in Februarie 2020 in die Suid-Afrikaanse Mediese Tydskrif gepubliseer. Dié navorsing het onder meer gefokus op die persentasie naasbestaandes wat ingestem het om hul geliefdes se organe vir oorplanting beskikbaar te stel. Van die 503 families wat genader is, het net 32,7% ingestem. Baie weier toestemming om geloofsredes. Sommiges is bang dat hul geliefdes se liggame met disrespek hanteer gaan word of dat die liggame vermink gaan word. Ander is weer huiwerig omdat hulle nie die begrafnisse wil vertraag nie of bang is dat die dokters op die een of ander wyse finansieel voordeel uit hul geliefdes se organe sal trek.

12 Die werklikheid is dat die meeste gelowe nie amptelik teen orgaanskenking gekant is nie. Die skenkingsproses word boonop binne 12 uur na die dood afgehandel. Die skenkerorgane word met die grootste ontsag verwyder en hanteer uit respek vir die skenker. Voordat die dokters begin, buig die hele span hul hoofde as 'n huldeblyk aan die skenker.


13 Dokters het die uiterste respek vir hierdie onbaatsugtige geskenk– daar is geen groter altruïsme* nie. Géén gesonde orgaan behoort in die grond in te gaan of veras te word nie.

14 Orgaanskenking bied aan byna elke mens die geleentheid om 'n <u>lewende nalatenskap</u> te los. So, wat hou jou terug?

[Aangepas uit *Taalgenoot*, Lente 2021]

* **Altruïsme** – onselfsugtigheid, naasteliefde

**TEKS B: VISUELE TEKS**




[Aangepas uit https://www.facebook.com/Organ-Donation-Awareness-veldtog]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Herlees paragraaf 1 en 2.

1.1.1 Wat is, volgens die leesstuk, "die grootste geskenk" wat jy aan enigiemand kan gee? (1)

1.1.2 "Het jy geweet dat feitlik alle organe ... geskenk kan word?" (Paragraaf 2)

Wat word deur die invoeging van "feitlik" in die sin hierbo geïmpliseer? Skryf TWEE afsonderlike woorde uit paragraaf 2 neer wat jou antwoord motiveer. (3)

1.2 Watter VIER prosesse dra daartoe by dat die oorplantingsproses byna onbekostigbaar is? (4)

1.3 Herlees paragraaf 3 en 5.

1.3.1 Dit is 'n groter opoffering om 'n nier eerder as beenmurg te skenk.

Stem jy met hierdie stelling saam? Motiveer jou antwoord. (1)

1.3.2 Waarom kan die vooroordeel van sekere Suid-Afrikaners teenoor mense wat vir nieroorplantings wag, geregverdig word? (1)

1.4 "Suid-Afrika ... spog met baie eerstes" op die gebied van orgaanoorplantings (paragraaf 6).

Bewys met TWEE redes dat hierdie stelling 'n feit is. (2)

1.5 Lewer kommentaar op die insluiting van die woord "merkwaardig" in die beskrywing van die WDGMC-span se oorplanting in 2017. (1)

1.6 Herlees paragraaf 8 en 9.

Gee die hoofgedagte van paragraaf 8. Watter inligting in paragraaf 9 ondersteun hierdie hoofgedagte? (2)

1.7 Die DRIE wanpersepsies wat in paragraaf 11 genoem word, word deur die inligting in paragraaf 12 weerspreek. Bewys hierdie stelling. (3)

1.8 "... géén gesonde orgaan behoort in die grond in te gaan of veras te word nie." (Paragraaf 13)

Waarom is die stelling hierbo en die werklikheid van orgaanskenking ironies? (1)

1.9 Herlees paragraaf 13 asook die onderstreepte woorde in paragraaf 14.

Skryf EEN woord uit paragraaf 13 neer wat by die woord "nalatenskap" aansluit én verklaar die teenstrydigheid in dié onderstreepte woorde. (2)

1.10 Dink jy dat paragraaf 13 en 14 die inhoud van paragraaf 3 bevestig? Motiveer jou antwoord deur na paragraaf 13 en 14 afsonderlik te verwys. (2)

Kopiereg voorbehou

**VRAE: TEKS B**

1.11 Waarom is "Herskep" (in die opskrif) in hierdie advertensie 'n goeie woordkeuse? (1)

1.12 Gee DRIE redes waarom die uurglas in TEKS B funksioneel is. (3)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.13 Herlees TEKS A se paragraaf 14 en TEKS B.

Watter verband is daar tussen die vraag in paragraaf 14 en die vier aftikblokkies in die advertensie? (1)

1.14 Dink jy die boodskap in TEKS A en TEKS B slaag onderskeidelik daarin om die noodsaaklikheid van orgaanskenkers te beklemtoon? Motiveer telkens jou antwoord. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE eienskappe waaroor voornemende werksoekers moet beskik om sukses te verseker**.

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**SOEK JY WERK? GAAN LEER BY DIÉ BEROEPE – GRAAD NIE 'N VEREISTE NIE**

Daar is tans baie hoë werkloosheidsvlakke in Suid-Afrika, dus het dit lewensbelangrik geword om te weet watter vaardighede in aanvraag is en watter persoonlikheidseienskappe verwag word. So sê Daniel Gibhard, hoof van die Vaardigheidsontwikkelingskorporasie, na hulle studie oor watter beroepe volhoubaar is en oor watter eienskappe aansoekers moet beskik.

Die studie het 'n groeiende vraag na werkers in die tegnologiebedryf geïdentifiseer. Omdat dié bedryf aanhoudend by 'n veranderende landskap moet kan aanpas, moet daar by voornemende kandidate 'n begeerte wees om nooit op te hou leer nie.

Ingenieurswese en vervaardiging ondergaan, soos die vorige bedryf, voortdurende verandering; dus moet voornemende werkers bereid wees om by die veranderde situasies se eise aan te pas. Baie werkers is juis oorbodig in hulle beroepe, omdat hulle gestagneer het eerder as om aan te pas.

Daarteenoor is verkope en bemarking 'n veelsydige bedryf. Dié bedryf het soveel verskillende areas van sake- en nywerheidsektore, wat dit baie moeilik maak om presies te bepaal wat van kandidate verwag word. Navorsing het egter bewys dat kandidate wat uiteindelik sukses behaal dié is wat daagliks op korttermyndoelwitte fokus ten einde langtermyndoelwitte te bereik.

Hoewel daar tans geen gebrek aan werksoekers in die finansiële dienste is nie, lig werkgewers die begeerte tot spesialisasie as vaardigheid uit. Elke onderneming het sy eie unieke behoeftes waaraan kandidate moet voldoen. Hulle moet dus bereid wees om in hierdie rigtings te spesialiseer.

Die kos- en voorsieningskettings ervaar vele tekorte ten opsigte van mense wat bereid is om die verantwoordelikheid van beskikbare, veeleisende rolle te vervul. Kandidate wat in hierdie sektor werk soek, moet boonop in staat wees om uitdagings nuut en vars aan te pak.

Daar is wel beroepe wat universiteitsgrade vereis, maar omdat dit nie noodwendig sukses verseker nie, is dit baie belangrik dat 'n kandidaat geleenthede moet kan benut om 'n suksesvolle entrepreneur in Suid-Afrika te word.

Tans worstel Suid-Afrika met talle uitdagings, werkloosheid en mense met 'n bakhand-mentaliteit. Laasgenoemde gaan beslis nie vir jou 'n werk verseker nie: slegs dié met eienskappe wat in aanvraag is, sal 'n kans tot 'n werk gegun word.

[Aangepas uit *Beeld*, 14 Desember 2021]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




1. Gebruik die nuwe *Weg! Kalahari*-reisgids om jou
2. droomtoer te beplan na die wonderlike wildernis
3. van die Kgalagadi-oorgrenspark én die beste
4. gasteplase, lodges en kampeerplekke tussen die
5. park en Upington.

**NÓÚ TE KOOP!**

**NUUT!**

6. Die 2021/22-Weg! Kalahari-reisgids is op die rak,
7. maar as jy bang is jy loop dit mis, kan jy jou
8. eksemplaar aanlyn bestel – gaan na weg.co.za.
9. EFO- en kredietkaartbetalingsopsies is beskikbaar.
10. Vir navrae stuur 'n e-pos na verkope@media24.com
11. of bel 021 406 225.
12. Digitaal beskikbaar by zinio.com of magzter.com.

[Aangepas uit *Weg!*, Februarie-Maart 2022]

**VRAE: TEKS D**

3.1 Watter TWEE maniere gebruik die advertensie om die koper te motiveer om die tydskrif te koop? (2)

3.2 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die tydskrif, *Weg!*, se naam? (1)

3.3 Herlees subopskrif A: "Die woelige woestyn!"

3.3.1 Identifiseer die TWEE advertensietegnieke in die subopskrif wat beweging ondersteun. (2)

3.3.2 Evalueer die geslaagdheid van die visuele prikkel ten opsigte van hierdie subopskrif. (1)

3.4 Teks B meld 'n "dankbare Kurumanrivier".

Dink jy die woord "dankbare" dra 'n doeltreffende boodskap oor? Motiveer jou antwoord. (1)


3.5 Gebruik die kern van die onderstreepte woord in reël 2 as 'n bepaler in jou eie woord. (1)

3.6 Wat bereik die kopieskrywer met die kombinasie van "wonderlike" en "wildernis"/"wonderlike wildernis" in reël 2? (1)

3.7 Wat is die funksie van die herhalende voornaamwoord "jy" in reël 7? (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit Browne%2Fdp%2F1550226827&psig]

### VRAE: TEKS E

4.1 Skryf Louise se woorde in RAAMPIE 1 in die ontkennende vorm. (1)

4.2 Voltooi die sin in RAAMPIE 2 deur 'n ontbrekende verbindingswoord wat chronologie aandui, te skryf. (1)

4.3 Watter visuele bewys is daar in RAAMPIE 3 dat Hein se woorde in RAAMPIE 2 verkeerd verstaan is? (1)

4.4 Op watter manier bewerkstellig die kunstenaar humor in RAAMPIES 4 tot 6? (1)

4.5 Ondersteun die man se gesigsuitdrukking in RAAMPIE 5 sy woorde in RAAMPIE 1? Motiveer jou antwoord. (1)

4.6 Watter aanname maak die seuns se leier oor die volwasse man in RAAMPIE 7? Wat bedoel die leier met sy woorde? (2)

4.7 Wat is die funksie van die veranderde skryfwyse van die woord in RAAMPIE 8? (1)

4.8 Herlees RAAMPIE 8 en RAAMPIE 4.

Watter ooreenkoms is daar tussen die optrede van die seuns se leier en die man se woorde? (1)

4.9 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.9) en die letter (A–D) neer.

Die vrou se woorde in RAAMPIE 9 dui aan dat sy ... is.

A diskriminerend
B stereotiperend
C sarkasties
D bevooroordeeld (1)

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS F

**OORLEWINGSTRYD OM WOLWEPLAAS TE RED**

1 Dit is 'n melodie wat bestaan van die vroegste van tye, gevul met die misterie van 'n (5.1) oersiel vir wie die stryd om oorlewing nooit verby is nie.

2 Mense verstaan nie altyd die sielroerende huilklank nie en daarom moet mense soos Lexi en Ronnie Austen van die All Hearts-stigting (AHF) betrokke raak wanneer mense iets edels soos 'n wolf in 'n troeteldier probeer verander.

3 (5.2) **Die AHF is 'n paar jaar gelede as 'n organisasie sonder winsbejag begin.** Die Austens se doel was om 'n trop Kanadese gryswolwe in Suid-Afrika te red. Hulle het besluit (5.3) dat hulle dié diere se voortbestaan wil verseker.

4 Dit het begin met die een trop wolwe, sê Lexi en beduie na die eerste kamp waar die brandwagte waaksaam nadertrippel – (5.4) "blaffend" en oë priemend deur die gras.

5 Dit is die AHF se "aanvangstrop", die (5.5) aanvanklike rede hoekom die stuk grond van meer as 21 (5.6) ha in Hartbeespoort, Noordwes, gehuur is, met die (5.7) opsie om dit later te koop.

6 Nou leer die Austens hulle besoekers: (5.8) die grasieuse dier wat by tye amper blaf soos 'n hond, vir die onkundige oog lyk soos 'n hond en soms optree soos 'n hond, bly 'n wolf.

[Aangepas uit *Beeld*, 10 Februarie 2022]

5.1 Bestudeer die onderstreepte woord in paragraaf 1.

Benoem die "oe"-klank én gee die betekenis van die voorvoegsel in hierdie woord. (2)

5.2 Skryf die vetgedrukte sin in paragraaf 3 in die bedrywende vorm. (1)

5.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (5.3) en die letter (A–D) neer.

Die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 3, is 'n ...

A hoofsin.
B voorwerpsin.
C byvoeglike bysin.
D bevelsin. (1)

5.4 Is die gebruik van die aanhalingstekens in die onderstreepte woord in paragraaf 4 gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

5.5 Gee 'n sinoniem vir "aanvanklike" (paragraaf 5). (1)

5.6 Skryf die onderstreepte afkorting in paragraaf 5 voluit in woorde en gee die rede waarom dié afkorting sonder 'n leesteken geskryf word. (2)

5.7 Gebruik 'n afgeleide byvoeglike naamwoord van die onderstreepte woord in paragraaf 5 in 'n verduidelikende sin. (1)

5.8 Herlees die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 6.

Skryf die hoofsin van die onderstreepte sin neer. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**NOVEMBER 2022**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

**GOEDGEKEUR**

| | |
|---|---|
| [signature] | J. J. Scholtz |

**EKSTERNE MODERATOR**
**10 November 2022**

**INTERNE MODERATOR**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

Aanvaar dialektiese variasies.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1.1 | 'n orgaan/lewe ✓ | 1 |
| 1.1.2 | Dit impliseer dat nie alle organe geskenk kan word nie./dat daar uitsonderings is. ✓<br><br>**EN**<br><br>"milt"<br>"dikderm"<br>"behalwe" ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die twee antwoorde moet onafhanklik van mekaar nagesien word.* | 1<br><br>2 |
| 1.2 | Verwydering ✓<br>Vervoer ✓<br>Bewaring ✓<br>Oorplanting ✓<br><br>*Die kandidaat bied VIER antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 1.3.1 | Ja<br>'n Nier kan nie weer teruggroei nie, terwyl die skenker se liggaam weer beenmurg kan vervaardig./Slegs beenmurg kan teruggroei./<br>Die skenker van 'n nier moet leefstylaanpassings maak, terwyl die beenmurgskenkers hoogstens ongemak ervaar./Indien 'n nier geskenk word, moet meer opofferings soos leefstylaanpassings gemaak word. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat moet na BEIDE kante van die vraag vir EEN punt verwys, behalwe wanneer die ander kant geïmpliseer word.* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 1.3.2 | 'n Mens kan verstaan as sekere mense nie hul niere wil skenk aan iemand anders wat as gevolg van 'n swak leefstyl 'n nieroorplanting moet kry nie./Daar is wel mense wat wag vir niere wie se swak leefstyl die oorsaak van hulle siekte is./In die teks staan dat nierversaking hoofsaaklik die gevolg is van swak leefstylgewoontes.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die klem moet val op 'n onverantwoordelike leefstyl wat die nierversaking veroorsaak.* | 1 |
| 1.4 | (In 1967 het prof. Christiaan Barnard en sy span) die <u>eerste</u> hartoorplanting (in die Groote Schuur Hospitaal) gedoen./<br>Die wêreld se <u>eerste</u> nieroorplanting tussen MIV-positiewe pasiënte is (in 2008 deur prof. Elmi Muller in dieselfde hospitaal) gedoen./<br>(In 2017 het die WDGMC-span) <u>suksesvol</u> 'n lewendeskenkeroorplanting van 'n MIV-positiewe ma na haar MIV-negatiewe kind gedoen. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.5 | Dit is gepas/effektief, want die insluiting van die woord beklemtoon/dui aan/dra by tot die gedagte dat dit 'n uitsonderlike prestasie is (dat die MI-virus nie van die skenker na die ontvanger oorgedra is nie)./dat dit 'n prestasie is waarvan kennis geneem moet word./dit 'n prestasie is dat die MIV-virus nie oorgedra is nie. ✓ | 1 |
| 1.6 | " ... nie naastenby genoeg skenkers vir die baie mense wat op uitkoms wag nie." ✓<br><br>*Die kandidaat kan die antwoord in sy/haar eie woorde aanbied.*<br><br>Daar is slegs 1,4 skenkers per miljoen desperate pasiënte./Ons het een van die laagste orgaanskenkingsyfers ter wêreld./<br>Slegs 500 tot 700 mense word jaarliks gehelp./Elke jaar wag 4 000 tot 5 000 mense op organe./Paragraaf 9 dui aan hoeveel pasiënte oorplantings nodig het./hoe min werklik gehelp word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt elk.*<br>*Die twee antwoorde word onafhanklik van mekaar nagesien.* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 1.7 | Die wanpersepsie dat dit teen hulle geloof is, word verkeerd bewys, omdat die meeste gelowe nie teen orgaanskenking gekant is nie. ✓<br>Die vrees dat dit die begrafnis gaan vertraag, word uit die weg geruim deur die feit dat die oorplanting binne 12 uur na die dood afgehandel word. ✓<br>Daar is 'n wanpersepsie dat die liggame disrespekvol hanteer/vermink word, maar die organe word met groot ontsag verwyder./hanteer./voordat die dokters begin, buig die hele span hulle hoofde. ✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat moet telkens na BEIDE die wanpersepsie en die weerspreking daarvan vir EEN punt verwys.* | 3 |
| 1.8 | 'n Mens sou verwag dat gesonde organe moet voortleef, maar in paragraaf 10 word die werklikheid genoem dat organe verlore gaan./'n Mens sou verwag dat baie mense hul organe sou skenk, maar die werklikheid volgens paragraaf 10 is dat mense huiwerig is om as skenkers op te tree. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied albei kante van die ironie vir EEN punt aan.* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 1.9 | "geskenk"/"orgaan"/"onbaatsugtige"/"altruïsme" ✓<br><br>**EN**<br><br>Die teenstrydigheid lê daarin dat iemand wat dood is, 'n erflating agterlaat vir 'n ander mens sodat hy/sy kan lewe./"Nalatenskap" dui op iets wat iemand anders erf wanneer iemand sterf; hier bring dit "lewe" vir iemand anders (wat sterwend is). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoorde vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet die vraag binne konteks beantwoord.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 1.10 | Ja<br>Paragraaf 13 noem dat geen gesonde orgaan in die grond moet ingaan of veras word nie en dit sluit aan by paragraaf 3 waarin daar verwys word na die (nadoodse) **skenking van organe**./<br>Paragraaf 13 noem dit "altruïsme"/onselfsugtigheid as jy jou organe skenk, terwyl paragraaf 3 na (lewende) skenkings/skenking van (nielewensbelangrike) organe verwys, wat 'n daad van **onselfsugtigheid** is./<br>Paragraaf 13 verwys na die gesonde orgaan, dit wil sê die **lewende** orgaan en paragraaf 3 verwys na lewende/nadoodse skenkings. ✓<br><br>Paragraaf 14 fokus op 'n nalatenskap wat lewe moontlik maak – paragraaf 3 noem verskeie maniere/organe/**skenkings vir so 'n nalatenskap**./verwys na nadoodse skenkings, dit wil sê 'n nalatenskap, wat lewe moontlik maak. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 1.11 | Die een woord dui aan dat iemand wat sterwend is, weer lewe gegun word./Die enkele woord vat die hele boodskap van orgaanskenking saam./sinspeel op die skep van lewe wat weer 'n keer plaasvind. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.12 | Tyd: Die uurglas wat uitloop, sluit aan by die ontvanger/skenker wie se tyd (sonder organe) minder word./<br>Die uurglas van die onderste persoon wat die organe ontvang, raak vol./kans op lewe raak groter./<br>Sand/organe: In plaas van sand/sout wat van bo af uitloop, word die organe funksioneel gebruik om aan te toon dat dit van een persoon na 'n ander vloei./word die dringendheid van orgaanskenking beklemtoon./<br>Glas: Die glas waarvan die uurglas gemaak is, toon dat die liggaam breekbaar/broos/ verganklik is./<br>Mensfiguur: Die uurglas bo-op die ander uurglas is 'n effektiewe metafoor vir 'n mensfiguur – ongeag ras./geslag./<br>Son/Lewe: Die uurglas voor die wit kol skep die indruk van lig/son/lewe wat deurbreek.<br>Interafhanklikheid: Die twee dele van die uurglas dui op afhanklikheid./is deel van mekaar./Orgaanskenkers help ander wat 'n orgaan nodig het. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 1.13 | Die vraag in paragraaf 14 sluit aan by die vrae in TEKS B – indien die vrae in TEKS B positief beantwoord word, is daar niks wat jou terughou om 'n orgaan te skenk nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet na BEIDE tekste in sy/haar antwoord verwys.* | 1 |
| 1.14 | Ja<br>TEKS A maak dit duidelik dat dit noodsaaklik is, omdat daar 'n omvattende behoefte aan orgaanskenkers is./dat ongeveer 5 000 mense op organe wag./dat net 1,2% gehelp kan word./TEKS A wys duidelik dat orgaanskenkers se gesindheid 'n verskil aan duisende siek mense se lewens kan maak. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord by TEKS A aanbied nie.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die antwoord moet die gedagte van "noodsaaklikheid" uitlig.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>In TEKS B word die noodsaaklikheid uitgelig deur die gebruik van "herskep" in die opskrif./die uitroeptekens in die opskrif./<br>Die noodsaaklikheid van skenkers word beklemtoon deur die skuinsgedrukte sin./"Red tot 7 lewens".<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>TEKS B (fokus nie op die noodsaaklikheid van orgaanskenkers nie en) dit gee nét vereistes waaraan skenkers moet voldoen./beklemtoon die invloed van 'n skenker se organe./motiveer mense om orgaanskenking te oorweeg./spreek die leser se sosiale gewete aan. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die antwoord moet die gedagte van "noodsaaklikheid" al dan nie uitlig.* | 1<br><br>1 |
| | **TOTAAL: AFDELING A** | **30** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming**

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs eienskappe wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal

  Totaal 10
- **Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe
- **Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.**
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - 4– 5 direkte aanhalings: ken maksimum 1 punt vir taal toe
  - 2–3 direkte aanhalings: ken maksimum 2 punte vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

| |
|---|
| Voornemende werksoekers moet leergierig wees én by veranderings kan aanpas. Hulle moet deeglik navorsing kan doen om presies te weet wat van hulle verwag word en op 'n daaglikse basis korttermyndoelwitte kan afhandel. Diegene wat bereid is om opgelei te word in gespesialiseerde rigtings in die werksomgewing en kans sien vir verantwoordelike, moeilike take is sterk in aanvraag. Werksoekers moet uitdagings op 'n kreatiewe wyse kan aanpak en die vaardigheid ontwikkel om geleenthede te kan raaksien. [76 woorde] |

**OF**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING |
|---|---|---|
| ***"... moet daar ... 'n begeerte wees om nooit op te hou leer nie."*** | A | Kandidate moet 'n behoefte hê om altyd meer te leer. |
| ***"... bereid wees om by die veranderde situasies en eise aan te pas."*** | B | Voornemende werkers moet die vermoë hê om by veranderings aan te pas. |
| ***"Kandidate ... op korttermyndoelwitte fokus ten einde langtermyndoelwitte te bereik."*** | C | Kandidate moet gefokus wees op korttermyndoelwitte. |
| ***"Hulle moet dus bereid wees om in hierdie rigtings te spesialiseer."*** | D | Werksoekers moet bereid wees om hulle in gespesialiseerde rigtings te bekwaam. |
| ***"... mense wat bereid is om die verantwoordelikheid van beskikbare, veeleisende rolle te vervul ..."*** | E | Werksoekers moet kans sien vir die eise van moeilike/verantwoordelike take. |
| ***"... moet boonop in staat wees om uitdagings nuut en vars aan te pak."*** | F | Werksoekers moet uitdagings nuut en vars/kreatief/innoverend kan aanpak. |
| ***"... dat 'n kandidaat geleenthede moet kan benut om 'n suksesvolle entrepreneur in Suid-Afrika te word ..."*** | G | Kandidate moet die geleenthede gebruik (ten einde sukses as entrepreneurs te behaal). |
| | | **Getal woorde: 84 woorde** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoordantwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Vir meervoudigekeusevrae word die letter van die korrekte antwoord en/of die antwoord wat uitgeskryf is, as korrek aanvaar.

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Die advertensie toon aan dat die koper kaarte saam met die tydskrif kry./<br>Die advertensie noem dat die tydskrif nuut/spesiaal/buitengewoon is./<br>Die advertensie gebruik akuuttekens op die woord "NÓÚ" om die leser te oortuig om die tydskrif dadelik aan te skaf./<br>Die advertensie gebruik die uitroepteken aan die einde van "NÓÚ TE KOOP!" om te beklemtoon dat die leser dadelik tot aksie moet oorgaan./<br>Die woorde "NÓÚ TE KOOP" word in hoofletters/vetdruk aangebied./<br>Die gebruik van die visuele beeld motiveer die koper om die tydskrif te koop./<br>Die verwysing op die voorblad na die inhoud van die tydskrif/toeristebestemmings/ blyplekke/Kalahari/Kgalagadi motiveer die koper om die tydskrif te koop. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 3.2 | Die naam impliseer dat mense van hulle daaglikse roetine moet ontsnap./ontspan./ die natuur beleef./met vakansie moet gaan./moet reis. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.3.1 | Die skriftipe/ronde, sagter skriftipe/vloeiende skrif/skuinsdruk/<br>Die uitroepteken/<br>Alliterasie/<br>Assonansie/<br>Klankeffek/<br>Die woordkeuse "woelige" ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Indien 'n kandidaat "klankeffek" as antwoord aanbied, moet hy/sy 'n ander antwoord ook aanbied om 'n tweede punt te verdien.* | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| | | |
|---|---|---|
| 3.3.2 | Dit is geslaagd.<br>Die meerkatte word geassosieer met diere wat vinnig beweeg./aktief/bedrywig is, terwyl die subopskrif verwys na "woelige"./<br>Die subopskrif se "woelige" suggereer lewe, daarom word twee (meer as een) meerkatte in die visuele prikkel gebruik.<br><br>**OF**<br><br>Dit is nie geslaagd nie.<br>Die statiese/onaktiewe/beweginglose meerkatte in die visuele prikkel kontrasteer met die woeligheid van die woestyn (in die subopskrif). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.4 | Ja<br>Die mens en natuur se verweefdheid/onlosmaaklike verhouding word deur die gebruik van "dankbare" gesuggereer./<br>Die "dankbare" suggereer dat die reisiger die rivier kan hoor/sien/ervaar./<br>Die personifikasie hef die dankbaarheid van die natuur/inwoners oor die water uit./<br>Dit dui aan dat die rivier 'n lewende stelsel is./<br>Die "dankbare" beklemtoon die uitdagings waarmee die inwoners/natuur in die woestyn te make het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.5 | toergids/toerspan/toerouers/toergroep/toerprogram/toerleier/toerbus/toergeld ✓<br><br>*Die kandidaat moet die woord korrek spel.* | 1 |
| 3.6 | Die leser word oortuig/beïnvloed/oorreed met die gebruik van (emotiewe) woorde dat die wildernis/woestyn spesiaal is./die moeite werd is om te sien./<br>Die (emotiewe) woorde/alliterasie skep die behoefte om hierdie wonderlike belewenis te ervaar./nie mis te loop nie./<br>Die kontras tussen "wonderlike" en "wildernis" plaas klem op die avontuur van 'n wildernis wat wonderlik is om te beleef./'n wonder is om te aanskou. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.7 | Die leser word direk betrek./<br>Daar word 'n duidelike beroep op die leser gedoen./behoefte by die leser geskep./<br>Dit laat die leser spesiaal voel./Dit beklemtoon die belangrikheid van die leser./<br>Dis 'n oorredingstegniek./Dit oorreed die leser (om die tydskrif te lees). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Sy is nie meer te jonk om alleen oor die straat te stap nie. ✓ | 1 |
| 4.2 | eers/eerstens ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie "ten eerste" aanbied nie – dis nie een woord nie.* | 1 |
| 4.3 | Die bewegingstrepies in RAAMPIE 3 toon aan dat sy boontoe en ondertoe kyk./nie links en regs kyk nie./in die grond vaskyk. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.4 | Die kunstenaar laat die man demonstreer hoe die kind oor die straat moet loop, maar die vrou is reeds met die dogtertjie huis toe./<br>Die kunstenaar laat die man se demonstrasie nutteloos voorkom./<br>Die kunstenaar laat die man belaglik/verspot lyk, want die kind is reeds weg./want die man praat met homself./want die motor waarvoor hy wag, is baie ver./<br>Die kunstenaar laat die man belaglik/verspot lyk, want die motor is by hom verby. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.5 | Ja<br>In Raampie 5 lyk sy gesiguitdrukking tevrede/opgewonde om met die kind interaksie te hê en in raampie 1 dui sy woorde aan dat hy opgewonde/entoesiasties is om sy kind te leer (omdat dit die regte ding is om te doen).<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>In Raampie 5 lyk dit of hy opgewonde/entoesiasties is,/uitsien daarna om sy kind te leer, terwyl sy woorde in raampie 1 ernstig is (omdat hy haar veiligheid op die hart het.) ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.6 | Hulle neem aan dat die man nie weet hoe om die straat oor te steek nie./hulp nodig het./bang is om die straat oor te steek. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Hy bedoel dat hulle plig/verantwoordelikheid om die man te help nou eerste kom./die man fisies/onmiddellik gehelp moet word om die pad oor te steek.<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 4.7 | (Die groter lettertipe/hoofletters/vetdruk) beklemtoon/dui aan/wys die entoesiasme/ywerigheid/volume/vasberadenheid van die seuns./dat die leier die woorde uitskreeu. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |


DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10

| | | |
|---|---|---|
| 4.8 | Die leier hardloop vooruit, met ander woorde lei, net soos die man, deur sy voorbeeld./<br>Albei gee 'n opdrag./<br>Albei aanvaar dat hulle gevolg/gehoorsaam sal word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.9 | C/C sarkasties ✓ | 1 |
| | | **[10]** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 5: ARTIKEL

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | vokaal/klinker ✓<br>oud/eerste/oorspronklik/primitief ✓ | 1<br>1 |
| 5.2 | Hulle/Die mense/Lexi/Ronnie/Iemand/Die Austens het 'n paar jaar gelede die AHF as 'n organisasie sonder winsbejag begin./<br>'n Paar jaar gelede het hulle/die mense/Lexi/Ronnie/iemand/die Austens die AHF as 'n organisasie sonder winsbejag begin. ✓ | 1 |
| 5.3 | B/B voorwerpsin ✓ | 1 |
| 5.4 | Ja<br>Dit dui aan dat die woord buite konteks gebruik is./dat wolwe nie blaf nie./Dit sluit aan by die inligting dat die wolwe as troeteldiere/honde aangehou is. ✓ | 1 |
| 5.5 | oorspronklike/eerste/primêre/allereerste ✓ | 1 |
| 5.6 | hektaar ✓<br><br>**EN**<br><br>Metrieke eenhede se afkortings/SI-eenhede/Afmetings/Meeteenhede/Maateenhede se afkortings word sonder 'n leesteken geskryf. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.7 | Wiskunde is 'n <u>opsionele</u> vak./<br>Dit is <u>opsioneel</u> om Wiskunde as vak te kies. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin met "opsioneel"/"opsionele" vir EEN punt aan. Die kandidaat moet die antwoord korrek spel.* | 1 |
| 5.8 | Die (grasieuse) dier bly 'n wolf. ✓ | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION